

**SONDAG:5**

**VRAAG EN ANTWOORD: 12**

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
<p>Vraag: Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God die tydelike en ewige straf verdien het, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?</p>			
<p>Antwoord: God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word.</p>	<p>1</p>	<p>Genesis 2:7</p> <p>En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword.</p>	<p>Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het.</p>
		<p>Eksodus 20:5</p> <p>Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat;</p>	<p>Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat,</p>
		<p>Eksodus 23:7</p> <p>Hou jou ver van valse sake af. En moenie die onskuldige en die wat reg het, ombring nie, want Ek sal die skuldige nie regverdig verklaar nie.</p>	<p>en moet jy wegbly van leuens sodat jy nie onskuldiges en regverdiges doodmaak nie. Ek, die Here, vind nie 'n skuldige onskuldig nie.</p>
		<p>Esegiël 18:4</p> <p>Kyk, al die siele is myne; soos die siel van die vader, so die siel van die seun - hulle is myne; die siel wat sondig, dié moet sterwe.</p>	<p>Al die mense behoort aan My, vaders en kinders is Myne. Dit is die mens wat sondig wat sal sterf.</p>
		<p>Lukas 16:2</p> <p>En hy het hom geroep en vir hom gesê: Wat is dit wat ek van jou hoor? Gee verslag van jou bestuur van sake; want jy sal nie meer bestuurder kan wees nie.</p>	<p>Hy ontbied hom toe en sê vir hom: 'Wat is dit wat ek van jou hoor? Gee verslag van jou bestuur van sake, want jy kan nie langer bestuurder wees nie.'</p>
		<p>2 Tessalonisense 1:6</p> <p>aangesien dit reg is by God om aan die wat julle verdruk, verdrukking te vergelde,</p>	<p>God is tog regverdig: die mense onder wie julle nou so ly, sal Hy as straf ook laat ly;</p>
<p>Daarom moet ons òf deur onself òf deur 'n ander ten volle betaal</p>	<p>2</p>	<p>Matteus 5:26</p> <p>Voorwaar Ek sê vir jou, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat jy die laaste oortjie betaal het nie.</p>	<p>Dit verseker Ek jou: Jy sal sekerlik nie daar uitkom voordat jy die laaste sent betaal het nie."</p>
		<p>Romeine 8:3-4</p> <p>Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.</p>	<p>Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het met die sonde afgereken deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur; so het Hy die sonde in die sondige bestaan van die mens veroordeel. Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees.</p>